# ENGO ONS TUISTE

beskik oor ‘n vakature vir ‘n

# VERPLEEGDIENSBESTUURDER

Ons Tuiste is ‘n versorgingseenheid vir Ouer Persone en is registreer vir 206 inwoners. Ons Tuiste volg die persoonsgerigte benadering tot die versorging van die inwoners. Ons strewe is dat elke individu ondersteun word om so lank as moontlik, so onafhanklik te kan leef, met waardigheid. Die inwoners is hoofsaaklik Christelik en Afrikaanssprekend en die taal van die werkgewer is Afrikaans.

Die posbekleër sal aan die Bestuurder rapporteer en vir onder andere die **volgende prestasie-areas** verantwoordelikheid aanvaar:

As **Verpleegdiensbestuurder** sal die posbekleër verantwoordelik wees vir die hoë kwaliteit omvattende versorgingsdienste aan die inwoners van Ons Tuiste.
Bevorder van standaard, prosedure en beleid, asook toesig dat aan statutêre vereistes voldoen word.

Aanvaar verantwoordelikheid vir die personeelbestuur, begeleiding, motivering en ontwikkeling.

Die Bestuur van goeie dissipline in die werksplek.
Deurlopende personeelopleiding om doelwit van hoë standaard van versorging te handhaaf.
Begrotingsbestuur.
Administratiewe pligte wat gepaard gaan met die omvang van die werksaamhede van Ons Tuiste.

**Die ideale kandidaat moet oor die volgende beskik:**
Registrasie as Verpleegkundige.
Ten minste 8 jaar bestuurservaring in ‘n Senior Pos.
Christelike Geloofsoortuiging
‘n Geldige rybewys en kan kwalifiseer vir publieke vervoerpermit.
Moet Afrikaans en Engels magtig wees.
Kennis van demensie.
Uitstekende kommunikasie-, administratiewe- en Rekenaarvaardighede.

Ondervinding in Versorging van Bejaardes met uitstaande verhoudings sal as aanbeveling dien.
Basies kennis van die volgende wette sal as aanbeveling dien:

- Wet op Bejaardesorg
- Wet op Basiese diensvoorwaardes
- Wet op Gelyke indiensneming

22 Van Heerden Road, Bloemfontein 12007, Brandhof, 9324
☎ 051 407 7236 051 407 7824 onstuiste@engo.co.za www.engo.co.za
**057-497 NPO**

Voorts word verwag dat die ideale kandidaat ‘n hoë energievlak en verantwoordelikheid sal openbaar.

‘n Hoë premie word op onafhanklike en selfstandige funksionering van die posbekleër geplaas.

In ruil vir ‘n bydrae tot die sukses van Ons Tuiste, word ‘n markvervante **vergoedingspakket** met byvoordele aangebied.

Indien u uself as ‘n geskikte kandidaat beskou is u baie welkom om u CV te stuur met ‘n aanduiding van ‘n verwagte minimum salaris, aan

Die Bestuurder, Ons Tuiste, Posbus 12007, BRANDHOF 9324
E-Pos: onstuiste@engo.co.za
Faksnr: 051 407 7236

Navrae: **051 407 7236 / 082 773 6226**
Sluitingsdatum: **Vrydag 15 Desember 2017**

Onderhoude sal slegs met die kandidate op ‘n kortlys gevoer word. Kandidate wat nie binne vier weke na die sluitingsdatum terugvoering ontvang het nie, kan aanvaar dat hul aansoeke onsuksesvol was.

***Ons Tuiste onderskryf die beginsels van gelyke indiensneming en behou die reg voor om nie die pos te vul nie.***